

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 1. B Vol 105 Pg. 5200-5247.

SAAKNOMMER: CC 482/55

DELMAS

1986-06-10

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

105

NAMENS DIE VERDEDIGING:


ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS



TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES; ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 105

(Bladsye 5 200 - 5 247)

COURT RESUMES ON 10 JUNE 1986.

MR BIZOS : My Lord, I would just like to place on record that Mr Vilakazi, accused no. 10, is not in court. He has gone to hospital. There is a letter on 5 June that an appointment has been made for Father Moselane, accused no. 3, to be in Johannesburg at 14h00 for an eye specialist. So, if Your Lordship would grand him leave to leave after the short adjournment this morning.

COURT : Yes, certainly.

SALAMINA LETSOENYO, still under oath (Through interpreter)(10)

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS (continued) : The shebeen that your husband came from when he made a report to you about a conversation, is that a shebeen affectionately known as the Maldoppie? -- Yes, that is the one.

Did he come back sober or not? -- He had consumed some liquor.

Was he sober or was he under the influence of liquor when he came home? -- He was not very drunk.

But drunk? -- He had something to drink, yes.

As far as your own evidence before His Lordship is (20) concerned, you were asked right at the beginning whether TSO had held meetings in Tumahole during 1984 and the answer was yes? -- Yes.

And later on when you were asked about the Tumahole Students Organisation, you said you knew nothing about it? -- No, I do not know about it.

In order to possibly avoid any confusion, His Lordship himself asked you but do you know about TSO. Do you recall that His Lordship asked you that question? -- Yes, I do.

And then you said you did not know anything about that(30) and you never heard about it? Do you remember that? -- Yes,

I do.

Do you realise that two bits of evidence, the one in the beginning and the one towards the end, just cannot be reconciled?

— Yes, I am aware of that.

Can you explain this apparent contradiction that here you are saying that an organisation had meetings which you know about and you even went further and said that you were afraid to go to their meetings for the reason that you gave and then afterwards say you know nothing about this organisation? — I knew about the existence of the organisation in Tumahole(10) but I did not attend their meetings.

Well, why did you say you did not know about this organisation at all then? — (No reply)

Any explanation? — No.

What, if anything, do you know about the UDF? — I only know about that organisation because Lister was wearing a T-shirt and Barnard was also wearing that.

So, the only thing you know about it, is you saw two people wearing T-shirts? — Yes.

COURT : Lister is now Skosana. Is it Baardman or Barnard.(20)  
— Lister is Skosana and the other one is Barnard.

Barnard who? — Molokwana.

MR BIZOS : Can you recall when you saw them wearing UDF T-shirts? — That is the day when they visited my residence.

Were they both wearing UDF T-shirts on that day? — Yes.

On this day that your house was visited, for how long, if any period at all, would you say that your husband was in the house? — I am not in a position to say for how long was he in the house, because he was going in and out.

Did he go in and out on more than one occasion? — (30)  
Yes, he would come in and then again walk out.

On how many occasions would you say that happened? -- I cannot recall on how many occasions he did that.

I would like to place on record the reason why Skosana is not available to us, My Lord. We have been informed that he has been subpoenaed by the State. That is why I am unable to put a version to this witness.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - -

MNR. HANEKOM : U Edele, ek roep Philippus Johannes Cornelius Loots. Die getuie gaan getuig oor Atteridgeville/Sauls- (10) ville.

PHILIPPUS JOHANNES CORNELIUS LOOTS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidstak gestasioneer te Pretoria? -- Dit is korrek.

Adjutant-offisier Du Toit werk onder u bevel sedert 1981? -- Nee, dit is nie heeltemal korrek nie. Sedert 1983. Ek is wel by Veiligheidstak gestasioneer sedert 1981.

Sedert 1983 is u die eenheidshoof van die eenheid waarin adjutant-offisier Du Toit werk? -- Ek was waarnemend gewees (20) gedurende 1983. Ek het eenheidshoof geword van die spesifieke eenheid in 1984.

Ken u vir beskuldigde nr. 21, Moses Chikane? -- Ja, dit is korrek, ek het hom persoonlik ontmoet.

Vertel asseblief vir die Hof wat aanleiding daartoe gegee het dat u hom ontmoet en wanneer u hom ontmoet het? -- Net kort agtergrond. Ek het gearriveer by die Veiligheidstak gedurende 1981 waarna ek vir 'n jaar op 'n ander eenheid gedien het as die een waar op adjutant-offisier Du Toit gedien het en waar hy tans nog op dien. Gedurende 1983, vroeg 1983 (30)

is ek oorgeplaas na die eenheid waarop adjutant Du Toit nou dien en ek nou saam met hom dien as waarnemende eenheidshoof. Die spesifieke eenheid kom elke oggend by wyse van 'n konferensie bymekaar om inligting ingewin te bespreek. Aan die einde van daardie selfde jaar wat ek waarnemend was, was daar 'n rapport aan my gemaak gewees dat beskuldigde nr. 21 - is dit korrek?

HOP : Laat hom net opstaan, asseblief. — Dit is hy. Aangestel is as organiseerder van die beweging die United Democratic Front. Die rapport was ook aangevul gewees deur inligting (10) dat beskuldigde nr. 21 hom bemoei op die gebied van die Swart-onderwys. Vanweë die feit dat dit aan my bekend was dat adjutant Du Toit beskuldigde nr. 21 langer as enigeen daar op die spesifieke eenheid alreeds geken het, het ek aan hom voorgestel dat ons 'n onderhoud met hierdie man moet voer ten opsigte daarvan om hierdie inligting tot ons beskikking te kan evalueer. Adjudant Du Toit is daar weg nadat ons konferensie verdaag het, vergesel van 'n Swartlid van dieselfde eenheid, wie se naam ek nie nou graag sal wil openbaar nie.

MNR. HANekom : Is daar enige rede hoekom u die lid se naam (20) nie wil openbaar nie? — Ja, dit is korrek. Sommer nou in die jongste verlede was hierdie lid se huis aangeval met klippe en in daardie selfde aanval van klipgooiery was daar ook 'n petrolbom na sy huis gegooi. Gedurende Januarie 1986 was daar 'n handgranaataanval op dieselfde lid se huis gewees en gedurende hierdie afgelope naweek was daar 'n skietvoerval in Hamelodi waarby Swartman David Lukhele gedood is. David Lukhele en hierdie lid van die Mag het baie na aan mekaar beweeg.

Om terug te keer tot die opdrag wat u aan mnr. Du Toit gegee het. Kan u net 'n tyd bepaal min of meer wanneer dit (30) was, watter maand? — Ons het nooit aantekeninge gehou daarvan

... / nie

nie. Ek het die rekord gaan naslaan om te kyk of enigeen van ons twee aantekeninge gehou het. Ons het nie 'n aantekening gehou van hierdie onderhoud met beskuldigde nr. 21 nie. Dit was in elk geval die einde van die jaar. Ek sal sover gaan om te sê Oktober 1983.

U het gesê mnr. Du Toit en die Swartlid is daar weg. Watter tyd van die dag was dit? -- Dit was in die voormiddag gewees. Ek kan nie vir u 'n spesifieke tyd gee nie. Dit was wel in die voormiddag gewees.

Gaan aan, asseblief? Wat het gebeur? -- Later die (10) voormiddag het adjudant Du Toit en hierdie Swartlid met beskuldigde nr. 21 by die kantoor opgedaag.

In watter gebou is u kantore geleë? -- Dit is in die Kompolgebou, Pretoriusstraat, Pretoria. Die kantoor van adjudant Du Toit was en is nog steeds aangrensend aan dié van my en word geskei deur 'n middeldeur. Juis vanweë die feit dat beskuldigde nr. 21 baie bekend was aan adjudant Du Toit, het hy dan ook inderdaad hierdie onderhoud met beskuldigde nr. 21 gevoer. Ek was nie direk betrokke gewees by die onderhoud nie, maar ek was wel in die kantoor gewees met (20) tye - dit is die kantoor van adjudant Du Toit en op die oog af het dit 'n heel vriendelike oop onderhoud gelyk tussen die twee persone. Ek kan my weer nie hier verbind met 'n tyd nie, maar ek kan sê dit was ongeveer 'n uur, miskien 'n bietjie langer dan 'n uur, het adjudant Du Toit en beskuldigde nr. 21 na my kantoor gekom.

Wat het daar gebeur? -- In die teenwoordigheid van beskuldigde nr. 21, het adjudant Du Toit dan aan my 'n rapport gemaak dat die onderhoud met beskuldigde nr. 21 beëindig is en in hierdie rapport aan my het adjudant Du Toit in beskuldigde (30) nr. 21 se teenwoordigheid dan ook vir my gesê dat beskuldigde

nr. 21 aan hom gesê het dat hy 'n organiseerder is vir die United Democratic Front beweging en dat hy konsentreer op die Swart-onderwys. Dit was nou nie sy presiese woorde nie, maar vanweë die Swartonderwysstelsel in sy huidige vorm nie as 'n vrye en demokratiese onderwys gesien word nie en dat daar deur middel van klas en/of skoleboikotte gepoog sal word om die Regering te dwing om te kyk na die onderwysstelsel.

Wat was beskuldigde nr. 21 se reaksie daarop? -- Hy was baie ontspanne gewees. Daar was geen emosie hoegenaamd waar te neem nie en hy het op geen stadium hierdie uitlating, (10) hierdie rapport van adjutant Du Toit bevraagteken nie. Adjutant Du Toit het direk daarna vir my gevra of ek hom sal verakoon. Hy was toe vir 'n ruk uit my kantoor uit gewees en ek en beskuldigde nr. 21 het alleen in die kantoor agtergebly.

Wat het daar gebeur? -- Daar het geen verdere onderhoud plaasgevind nie. Inteendeel, ek het die praatwerk gedoen en beskuldigde nr. 21 het geluister.

Wat het u beskuldigde nr. 21 meegedeel? -- Ek het vir hom gesê hy kan nou sien dat sekere inligting wel ons ore bereik het, dat dit tans onbevestigde inligting is en dat sou (20) hierdie inligting korrek wees, hy verwag hy weer van ons sal hoor, sou hy in die proses enige wet oortree of dan die orde in gevaar stel.

Wat het na die gesprek gebeur? -- Beskuldigde nr. 21 was weer deur personeel van ons tak teruggeneem na sy huis waar hy afgelaai was.

Toe beskuldigde nr. 21 by die kantoor aangekom het, wat was sy gemoedstoestand en sy voorkoms? -- Hy was baie, baie vriendelik gewees. Dit was ook die heel eerste keer wat ek beskuldigde nr. 21 persoonlik ontmoet het. (30)

Het u beskuldigde nr. 21 voor daardie dag se ontmoeting

... / wel

wel gesien? — Ja, maar nie persoonlik ontmoet nie. Dit was gewees deur middel van monitoraksie van verskillende vergaderings in ons afdeling.

EOF : Het u hom wel gesien voor daardie dag, maar nie ontmoet nie? — Dit is korrek.

Wat sê u van die vergaderings? Monitoraksies van die vergaderings waar hy was of waar hy opgetree het? — Waar hy by was.

MNR. HANEKOM : Wat se vergaderings was dit? — Die vergaderings sentreer om herdenkingsdienste soos ons nou weer gaan (10) ondervind, die sogenaamde Sowetodag-herdenkingsdag, 16 Junie.

Is daar 'n spesifieke organisasie wat vergaderings gehou het by wie se vergaderings u hom meer gesien het as by ander organisasies? — Ja, dit is heeltemal korrek.

Welke organisasie was dit? — Dit was die vergaderings van die eertydse Congress of South African Students, COSAS, soos wat dit bekend gestaan het.

In watter gebied is die vergaderings gehou waar u beskuldigde nr. 21 gesien het, die COSAS vergaderings? — Beide in Mamelodi sowel as in Atteridgeville. As ek Atteridgeville(20) sê, sluit ek Saulsville in. Atteridgeville/Saulsville. Dit is eintlik een woongebied.

Waarom het u of adjutant Du Toit nie aantekeninge gemaak en gehou van die onderhoud wat u gevoer het met beskuldigde nr. 21 nie? — Dit was bloot 'n onderhoud wat ons met hierdie man gevoer het. Ons was glad nie van plan gewees om die man aan ondervraging bloot te stel nie. Dit was inligting wat tot ons beskikking gekom het wat onbevestig was op daardie stadium.

Het u op daardie stadium enige optrede teen beskuldigde(30) nr. 21 beoog? — Nee, hoegenaamd nie, glad nie.



KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Kaptein Loots, wanneer is u vir die heel eerste keer gesê dat u as 'n getuie in die saak mag gebruik word? -- Dit was direk na adjutant Du Toit getuig het.

Het adjutant Du Toit vir u gesê dat hy getuienis gegee het? -- Inderdaad, ja.

Het adjutant Du Toit u verwittig waarom hy getuienis gegee het? -- Gedeeltelik wel.

Voor ons verder gaan. Ek wil van u asseblief weet of u persoonlik op enige ander geleentheid behalwe dié wat (10) u sê in Oktober 1983 plaasgevind het met beskuldigde nr. 21 gepraat het by Kompol?

HOP : Dit is nou tot op die huidige?

MNR. BIZOS : Tot op die huidige. -- Nee.

En u is heeltemal seker dat beskuldigde nr. 21 nooit in u geselskap was by Kompol by enige ander geleentheid nie? -- Definitief nie.

Dit volg dat daar nooit enige gesprek tussen u en beskuldigde nr. 21 was by geen ander geleentheid nie? -- Daar was wel, ja. (20)

Te Kompol? -- Nie te Kompol nie.

Ons praat van Kompol. -- Verakoning.

Daar is nooit op enige ander geleentheid enige vriendelike gesprek tussen u en beskuldigde nr. 21 by Kompol gehou nie? -- Nee, beslis nie.

Of alleen of terwyl beskuldigde nr. 21 in die geselskap van enige ander persoon was nie? -- Nee.

Is u heeltemal seker? -- Ek is baie seker.

Kan u vir ons asseblief sê toe die gesprek tussen u en beskuldigde nr. 21 plaasgevind het, wat was die toestand (30) van sake in die skoolterrein te Atteridgeville/Saulsville en

Mamelodi? Wat was die toestand van sake in verband met skole?  
-- In Atteridgeville/Saulsville het daar alreeds op daardie stadium klasboikotte voorgekom.

Dit is belangrik dat ons weet by watter skool u sê klasboikotte was toe u die gesprek met beskuldigde nr. 21 gehad het -- O, dit is baie moeilik. As u vir my vra Atteridgeville/Saulsville, sal ek vir u sê ons het ses skole daar geïdentifiseer wat ons op 'n wisselende basis gedurende 1983 klasboikotte ondervind het. Ten opsigte van Mamelodi sal ek eers statistieke moet gaan naslaan as u verdere besonderhede van my (10) verlang. Dit was relatief stil nogtans daardie tyd in Mamelodi.

U sê daar was klasboikotte in Atteridgeville en Saulsville? -- Ja, op 'n baie beperkte basis wel, ja.

By watter skool? Kan u vir ons die naam van een skool gee wat kort voor die gesprek of kort na die gesprek klasboikotte gehad het? -- Ek kan wel - die statistieke is beskikbaar, maar as ek nou uit die vuur uit vir u moet sê by watter skool, dan gaan ek dit baie moeilik vind. Soos ek sê, dit was op 'n wisselende basis. Ek kan vir u die name gee van skole(20) wat betrokke was in daardie tyd.

Nee, ek wil weet of daar klasboikotte by spesifieke skole was? -- Dit sal ek eers moet gaan naslaan.

Het u die getuienis van adjutant-offisier Du Toit gesien in die rekord? -- Nee.

As ek dit aan u stel dat die moeilikheid in die skole in Saulsville/Atteridgeville eers na 'n ongelukkige gebeurtenis gedurende November/Desember 1983 plaasgevind het na die eksamens daar geskryf is, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Nee, ek ontken dit. (30)

Het u ooit gehoor dat die moeilikheid in die skole in

... / Saulsville

Saulsville en Atteridgeville veroorsaak was as gevolg van die bewering dat skoliere wat die eksamens geskryf het uitgevind het dat hulle eksamenskrifte nie gemerk was nie? Het u ooit daarvan gehoor? -- Ek het daarvan gehoor.

Wanneer was dit? -- Dit was ongeveer die tyd wat u pas aan die Hof geopenbaar het hierso teen die einde van 1983.

As ek aan u stel dat daar geen klasboikotte in Saulsville en/of Atteridgeville was voordat dié gebeurtenis plaasgevind het nie, sal u dit ontken of erken? -- Ek ontken dit.

Die feit dat beskuldigde nr. 21 as 'n werknemer, amps- (10) draer of wat ook al, was dit iets wat geheimsinnig gedoen was of was dit in die gemeenskap heeltemal bekend dat mnr. Chikane deur die UDF aangestel was? -- Dit is wat ons graag wou bepaal, omdat onbevestigde inligting tot dié effek ons bereik het.

Was daar nie 'n aankondiging deur die UDF dat mnr. Chikane wel aangestel is nie? -- Op die stadium toe ons met hom gepraat het, nie.

Ons kan aanvaar dat die veiligheidspolisie die aankondigings en verklarings van die UDF sou kontroleer, of dit nou uitgereik is deur die koerante of enige manier? Die (20) veiligheidspolisie het die UDF dopgehou vanaf Augustusmaand? -- Dit is heeltemal korrek.

Verstaan ek u getuienis goed dat dit nou nodig was om geheimsinnige inligting aan beskuldigde nr. 21 te stel of was dit iets wat welbekend was in die gemeenskap waarin beskuldigde nr. 21 gewoon het? -- Ek kan die vraag so antwoord. Voor daardie betrokke rapport aan ons gemaak is, was die United Democratic Front as beweging bra onbekend in die afdeling Noord-Transvaal. Onbekend in die sin dit het nog nie werklik gefunksioneer nie. (30)

So, as daar wel 'n aankondiging was, sou dit meer aandag

trek, nie waar nie? — Ek glo so.

En het die aankondiging van die aanstelling van beskuldigde nr. 21 die aandag getrek? — Dit is korrek.

Adjutant Du Toit het die woorde gebruik "Ons het beskuldigde nr. 21 ingetrek." Sou u uself met daardie woorde ve-eenselwig? — Ek sou graag wou onderskei tussen inroep en intrek.

Is dit nie u ondervinding nie dat as Swartpolitici, soos beskuldigde nr. 21, òf gevra is om na u te kom - laat ek dit so stel, as hy gevra word om in te kom, vra hy "Wat soek julle? Waarom moet ek na hierdie kantoor kom? Dit is 'n (10) vrye land. Ek is nie verplig om na u kantoor te kom nie. Wat soek julle?" Is dit nie u algemene ondervinding nie? — Nee, beslis nie.

Gee u toe dat 'n burger van die land die reg het om te weier om gehoor te gee aan u oproep om na u kantoor te kom? — Inderdaad, ja.

Kan u vir ons sê of beskuldigde nr. 21 enige beswaar gehad het dat hy ingeroep was of nie? — Hy het geen houding hoegenaamd geopenbaar nie.

Is u seker dat daar geen UDF aktiwiteit was voor die (20) aanstelling van beskuldigde nr. 21 nie, soos u gesê het? — Ek sal nie sê daar was geen of glad nie UDF aktiwiteite gewees voor die aanstelling van die beskuldigde nr.

HOF : In Pretoria?

M.R. BIZOS : In Pretoria. — Maar dit was uiters beperk.

Omdat ek dit aan u wil stel dat gedurende Junie 1983 was die UDF in die Pretoria distrik van stapel gestuur is. Is u in staat om dit te erken of te ontken? Dat van Juniemaand af die UDF teenwoordig was in die Transvaal en organisasies van Pretoria stigtingslede was. — Inligting tot my beskikking (30) moet ek vir u sê het nie oor sodanige feite beskik nie.

Is u seker dat hy gesê het gedurende Oktober 1983 dat hy net 'n organiseerder van die UDF was en nie die streeksekretaris nie? — Nee. Die woord streeksekretaris kan ek definitief nie onthou nie. Ek onthou die woord organiseerder.

Het dit ooit tot u kennis gekom dat hy wel die streeksekretaris van die UDF was? — Ja, na ons onderhoud met hom.

Hoe lank na u onderhoud met hom? — Dit was baie kort. Ek sal sê dit was teen die einde van Oktober gewees.

Hy het geen melding gemaak van enige ander pligte wat hy namens die UDF moes uitoefen nie, net die plig waarvan (10) u melding gemaak het? Hy het die plig uitgesonder, nê? — Dit is korrek.

HOF : Dit is nou die skole-organisasie? — Dit is die skole-organisasie.

MNR. BIZOS : Weet u of mnr. Du Toit hom uitgevra het in verband met enige van sy ander pligte? — Ek het vroeër in my getuienis gesê ek het geen onderhoud verder met hom gevoer toe hy by my agtergebly het nie.

Het dit nie vir u eiensaardig geklink dat hy net van hierdie plig gepraat het nie? — Nee, hoegenaamd nie. (20)

Ek wil aan u stel dat beskuldigde nr. 21 is wel Kompol toe toe hy aangehou was 'n paar keer, maar hy was nie daar gedurende Oktober 1983 nie? En dit waarvan u praat het nie gebeur nie? — Dit is wel so, dit het so gebeur.

Weet u of hy saam met een ander beskuldigde miskien gedurende vroeg 1984 gearresteer was of ingehaal was?

HOF : U moet onderskei tussen inroep, intrek, inhaal en arresteer. Wat bedoel u?

MNR. BIZOS : Enigeen van daardie vier woorde? — Nie ten opsigte van daardie maand nie. (30)

U sien, ek wil dit aan u stel dat gedurende April 1984

... / beskuldigde

beskuldigde nr. 21 en beskuldigde nr. 19 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is mnr. Molefe.

MNR. BIZOS : Ja. Die twee beskuldigdes was na Kompol geneem en die bewering was dat hulle skuldig was aan die misdaad van betreding, "trespassing", te Atteridgeville? — Sover as wat my kennis strek nie. Ek was nie betrokke gewees nie.

Nee, jammer, ek is verkeerd. Hulle was nie Kompol toe nie, maar na Atteridgeville polisiestasie. Dra u kennis van daardie feit? — Hoorsê kennis wel.

En dit is die enigste intrekking of die enigste kort (10) geleentheid waar hy in die geselskap van die veiligheids-polisie was. Was u daar teenwoordig in die omgewing? — Nee, ek was glad nie betrokke gewees nie.

Dra u kennis van die feit dat hulle gesê het dat hulle daar nie enige betreding gepleeg het nie, maar genooi was om die ontevrede sake in die Onderwys te probeer skik?

HOF : Dit is nou in April 1984 is u stelling dat hulle bewering was dat hulle nie betreding gepleeg het nie, maar dat hulle genooi was deur iemand om die onbevredigende toestand in die Onderwys te kom bespreek? (20)

MNR. BIZOS : Dit is reg.

HOF : Weet u daarvan? — Ek weet daarvan.

MNR. BIZOS : Ek wil dit aan u stel, dit was op hierdie geleentheid wat 'n sekere mnr. Botes - wie is hy? Botha of Botes?

HOF : Laat ons net eers die hele sin kry. Miskien kom dit helderder vir die getuie.

MNR. BIZOS : Dat daar 'n lang gesprek was tussen die twee beskuldigdes en die veiligheidspolisie?

HOF : Met 'n mnr. Botes? (30)

MNR. BIZOS : Ek is nie seker nie. Hulle sê dit is of Botha

of Botes. Is daar so 'n persoon? -- Nee, definitief nie.

HOF : Dit is nou in April 1984 in Atteridgeville?

MNR. BIZOS : In Atteridgeville. Daar was 'n lang gesprek oor die toestand van sake tussen die twee beskuldiges en die veiligheidspolisie? -- Ek het nie in detail terugvoering gekry ten opsigte van die gebeurtenis nie. So, ek kan dit werklik nie staaf nie. Dit is 'n bietjie lank terug, maar dit wat u aan my genoem het, kan ek wel onthou.

Wie was dit? -- Ek het nie name genoem nie.

Dit was nie u nie? -- Nee, dit was beslis nie ek nie. (10)  
Ek was nie betrokke gewees nie.

Wat beskuldigde nr. 21 sou gesê het - ons sal dit as 'n erkenning noem om dit korter te maak. Die erkenning wat die beskuldigde gemaak het wat u sê hy gemaak het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is nou by die geleentheid waaroor dié getuie getuig het toe hy ingeroep is na Kompolgebou toe?

MNR. BIZOS : Ons praat nou van sy getuïenis.

HOF : Ja, maar waar hierdie getuie vanoggend oor getuig het?

MNR. BIZOS : Ja. Die erkenning wat die beskuldigde aan (20) mnr. Du Toit sou gemaak het en die rapport was in sy teenwoordigheid aan u gemaak. Ek sal dit as 'n erkenning beskou. In watter lig het u hierdie erkenning beskou? -- Ek het vroeër gesê die inligting waaroor ons beskik het, was onbevestig op daardie stadium. Volgens my was die UDP as beweging op daardie stadium in sy kinderskoens gewees in die afdeling Noord-Transvaal. Ons het nie met die mense werklik intense probleme ondervind nie. Ons het oor geen feite of getuïenis beskik om enigiens 'n saak uit te maak teen beskuldigde nr. 21 nie.

Wat van sy erkenning? -- Soos u gesê het sedert Augustus (30) 1983 word die bedrywighede van die beweging United Democratic

Front deur die Veiligheidspolisie gemonitor, soos dit in ons afdeling ook gebeur het. In Oktober het ons hierdie rapport ontvang ten opsigte van beskuldigde nr. 21 se aandeel in die bedrywighede van hierdie genoemde beweging en ons wou onself tevrede stel deur hierdie inligting op te volg deur middel van 'n onderhoud met beskuldigde nr. 21.

Het u as 'n veiligheidsman geweet dat die beleid van die UDF gedurende Oktober 1983 was om skoolboikotte of klasboikotte as 'n wapen te gebruik om die Regering te dwing om die onderwysstelsel te verander? Het u dit geweet, dat dit nou 'n (10) instrument was van die UDF? — Nee, ek het dit nie geweet nie. Ek het dit gehoor uit hoofde van die rapport.

Vir die heel eerste keer het u dit gehoor? — Dit is korrek.

Dit moes baie belangrike inligting gewees het en dit is bevestig deur 'n ampsdraer van die UDF, nie waar nie? — Ek sou sê die inligting was belangrik.

Het u aan beskuldigde nr. 21 gesê "Kyk, dit is so 'n belangrike erkenning van die doelstellings van die organisasie en die manier waarop dit van plan is om op te tree, dat ek (20) asseblief 'n kort verklaring van u wil hê? — Nee, ek het nie.

Waarom nie? — Hy was ontbied vir die doeleindes van 'n onderhoud en ek glo as ek op skrif sou gegaan het, sou ek onmiddellik oorgegaan het tot ondervraging en dit was nie die doel gewees nie.

Maar as 'n persoon op so 'n vriendelike en vrywillige manier wat u beskryf het 'n belangrike erkenning aan u maak, wat is dit wat u sou belet het om hom te vra om dit te teken? — Hy het nie die erkenning aan my gemaak nie. Hy het dit aan adjutant Du Toit gemaak, wat dit in 'n rapport aan my oorgedra (30) het.



Maar het u miskien vir mnr. Du Toit gevra "Dit is 'n belangrike erkenning van die manier waarop die nuwe organisasie nou gaan werk, het jy miskien 'n verklaring van hom geneem?"— Nee, ek het dit nie vir hom gevra nie en ek het dit ook nie van hom verwag om enige aantekeninge te maak nie.

Eet u onmiddellik of miskien kort daarna neergeskryf dat u nou 'n baie belangrike erkenning gekry het van een van die ampsdraers van die UDF, sodat dit tot die kennis van ander lede van die Mag moet kom in daardie en miskien ander distrikte waar die UDF soortgelyke optrede mee besig was? — Aan die (10) begin van my getuienis het ek wel gesê ons het geen aantekeninge tot die effek gemaak nie.

Ja, maar as so 'n belangrike erkenning gemaak was, was dit nie van belang vir u mede-offisiere in die veiligheidstak nie? — Ek is die eenheidshoof van die persone wat ondersoek instel na die bewegings van 'n organisasie soos die United Democratic Front. So, ek was tevrede gewees ek weet en die man wat direk met beskuldigde nr. 21 werk weet ook.

Maar u het seker geweet dat die UDF is nie net in u gebied nie, maar die hele land deur? U het geweet die UDF was (20) nie 'n plaaslike Pretoria organisasie nie, maar dit was besig in die hele land? — Dit is korrek.

Waarom het u nie verslag gedoen dat u hierdie belangrike verklaring of erkennung gekry sodat al die takke van die veiligheidsrak van die metodes van die UDF verwittig sou word nie? — Vanweë die feit dat ek oor onbevestigde inligting tot daardie effek beskik het, bo en behalwe wat die persoon self vir adjutant Du Toit in 'n onderhoud sou gesê het, het ek gereken dit sou beter wees as ons wag tot ons meer volledige klinkklare bewyse tot die effek het. (30)

Maar wat is beter getuienis teen die UDF as die uitdruklike  
... / erkenning

erkenning van 'n ampsdraer van die UDF? Dit sou van baie belang gewees het vir u kollegas in die Kaap en in Natal orals. Waarom is hierdie belangrike inligting nie deur u neergeskryf en 'n verslag ingestuur sodat dit versprei kon word dwarsdeur die land nie? — Ek wou dit nie op daardie stadium so gehad het nie.

Ek wil dit aan u stel dat die rede waarom u dit nie gedoen het nie, is omdat dit nie gebeur het nie? — Ek kan net vir u sê dit het wel so gebeur.

Kan u onthou of u by beskuldigde nr. 21 se huis was (10) gedurende 1981? — Ek was toe nog nie op hierdie eenheid gewees wat werk met die bewegings waaraan beskuldigde nr. 21 verbonde is nie. So, ek was definitief gedurende 1981 nie by sy huis nie.

Beskuldigde nr. 21 is nie seker of u daar was of nie, maar dra u kennis dat daar 'n bewering teen hom was in 1981 in verband met die besit van verbode literatuur? — Gedurende die jaar 1980?

1981. — Nee, ek dra nie kennis nie.

Kan u onthou dat u gedurende 1984 op 'n aantal geleent-(20) hede sy huis deursoek het? — In 1984 was beskuldigde nr. 21 se huis wel gevisenteer gewees.

HOF : Deur u? — Ek was betrokke gewees.

MNR. BIZOS : Op 'n aantal geleenthede? — Nee, op 'n enkele geleentheid was ek betrokke gewees gedurende 1984.

Is hy gedurende die geleentheid waarvan u praat na Kompol geneem? — Nee, beslis nie.

Dra u kennis van die feit dat sy huis gedurende 1984 wel vier keer gevisenteer is of drie keer gevisenteer is? — Ek kan dit nie bevestig nie. Ek was een keer betrokke gewees. (30)  
Dit kan wees.

Weet u op watter geleentheid hy aangehou was en Kompol toe gebring was en daarna John Vorster Plein toe gestuur was van Kompolgebou af? Dra u kennis daarvan? — Net uit hoofde van hoorsê.

Ek wil u asseblief vra om vir ons te sê by watter COSAS vergadering u sê beskuldigde nr. 1 was? — Atteridgeville/Saulsville gedurende 1983.

Kan u asseblief vir ons die maand of die datum gee wanneer u sê hy by verskillende vergaderings was? — Dit was gewees tydens die herdenkingsdiens van Sowetodag 1983. (10)

Dit was 16 Junie. — Ek wil myself korrigeer. Ek is nou seker of dit 1983 of 1984 was nie. Hoekom ek dit sê is, een van die twee jare was hy in Atteridgeville en die ander jaar in Mamelodi.

Albei op 16 Junie? — Albei op 16 Junie.

Enige ander geleentheid waar u beskuldigde nr. 21 by 'n vergadering gesien het, 'n COSAS vergadering gesien het? — Ja, daar was gewees in Mamelodi in die YMCA saal.

Wanneer was dit? — Ek wil sê dit was gedurende 1984. Hoekom ek die geleentheid onthou, daar was 'n ander persoon(20) betrokke by die United Democratic Front wat die dag my aandag getrek het by die YMCA saal behalwe dat ek vir beskuldigde nr. 21 daar gesien het.

Wie se vergadering was dit? — Dit was om die grondwet van die te stigte Mamelodi Youth Organisation, MYO soos dit bekend gestaan het, aan die mense bekend te maak.

Sê u dat daardie 'n COSAS vergadering was of 'n MYO vergadering? — Dit was ondersteun gewees deur COSAS, omdat MYO in wese nog nie bestaan het daardie tyd nie. Hulle het maar 'n ondersteunende rol gespeel. (30)

Was dit 'n COSAS vergadering of was dit die algemene

... / vergadering

vergadering waarop MYO gestig was? — Dit was die algemene vergadering waarop MYO gestig was.

En nie 'n COSAS vergadering nie? — COSAS was uit die aard van die saak betrokke gewees.

Was dit, sê u of was dit nie 'n COSAS vergadering nie? — Dit was nie 'n suiwer COSAS vergadering nie.

Miskien sal dit nodig wees om te onderskei tussen 'n suiwer COSAS vergadering en een wat nie is nie, maar laat ons dit daar laat. Is daar enige ander vergadering waarop u die beskuldigde nr. 21 gesien het? — Wel, ja, ek kan nie so (10) uit die hoof uit vir u sê nie. Ek sal ons statistieke moet gaan naslaan, maar ek kan onthou van heelparty vergaderings waar beskuldigde nr. 21 deur my opgemerk is.

Is dit as gevolg van inligting wat u gekry het of was u miskien daar om hom te sien? — Ek was nie by die vergadering betrokke gewees persoonlik, as u dit bedoel nie. Ek was wel in die omgewing van die saal of die gebou waar die vergadering gehou was.

U het nie die vergadering bygewoon nie? — Ek het glad nie die vergaderings bygewoon nie. (20)

So, u praat van hoorsê of miskien inligting wat aan u verskaf was? — Die voorvalle wat ek na verwys of die gevalle dan wat ek na verwys, was ek gewoonlik in 'n posisie om te sien die man is by die vergadering. Met ander woorde, uit hoofde van 'n monitoraksie, in die omgewing van sodanige vergadering.

Laat ons dit so aanvaar. Wat ek vir u wil vra, is dit. Weet u wie gedurende 1983 en 1984 verantwoordelik was vir die organisering van die herdenking van Sowetodag, 16 Junie? Uit u eie kennis? — Ja, ek dra kennis. (30)

Wie het dit georganiseer? — Dit was jeugorganisasies,  
... / hoofsaaklik

hoofsaaklik jeugorganisasies bygestaan deur gemeenskapsorganisasies.

Is ek aan u stel dat omdat daar meningsverskil was tussen sekere organisasies, 16 Junie 1983 en 1984 nie deur een of ander jeug- of gemeenskapsorganisasies georganiseer is nie, maar deur die Godsdienstige leiers van elke gebied, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? — Ek sal dit ontken.

Waarom? — Want ek glo as ek die kans gegun sal word ek pamflette tot beskikking van die Hof sal kan stel waarin (10) Sowetodag as herdenkingsdag geadverteer was deur jeugorganisasies.

Ek aanvaar dit dat hulle dit as 'n belangrike dag beskou en dat hulle pamflette uitreik maar ek vra u of u in staat is om dit te erken of te ontken dat die vergadering wat op die dag gehou is deur een of ander organisasie georganiseer is of deur Godsdienstige leiers van die gemeenskap? — Ek verstaan nou die strekking van u vraag. Nee, ek dra nie sodanige kennis nie.

U is nie in staat om dit te erken of te ontken nie? — (20)  
Nee, ek is nie.

Monitor u die dokumente wat deur UDF uitgereik is? — Dié wat tot ons beskikking kom wel.

U is mos die hoof van 'n afdeling van u tak en u het seer sekerlik die dokumente van die UDF op 'n sorgvuldige manier deurgegaan? — Sover as wat ek kan onthou, ja.

Van 1983 af? — Van einde 1983 af.

Het u in een of ander van die dokumente van die UDF gedurende 1983 of 1984 gevind dat die UDF met klasboikotte die Regering wou dwing? — Nooit. (30)

Dit het die erkenning van beskuldigde nr. 21 nog meer

... / belangrik

belangrik maak, nie waar nie? — Dit is korrek.

En u het geweet dat die leiers van die UDF nóg in Pietermaritzburg nóg hier verhoor word in 'n saak van hoogverraad?

HOF : Wanneer geweet?

MNR. BIZOS : Het u dit geweet van Februarie 1985 af toe die eerste beskuldiges ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die vraag is of u geweet het vanaf Februarie 1985 dat die UDF se leiers teregstaan op 'n aanklag van hoogverraad in Transvaal en ook in Pietermaritzburg? — Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Het u geweet vanaf Junie 1985 dat die vriende-(10)like mr. Moss Chikane, wat die belangrike erkenning aan u gemaak het, 'n beskuldigde in die saak was? — Dit is korrek.

Het u enige inisiatief geneem om te sê "Kyk, ek het miskien 'n belangrike erkenning van Moss Chikane, dit is die verklaring en dit is miskien tersake in die saak waarin hy betrokke is"? Het u enige inisiatief geneem? — Nee.

Is daar enige rede waarom nie? — Die inligting tot my beskikking was vervat gewees in die vorm van verslae deur, soos wat ons dit stel, beriggevers, meer bekend onder die breë publiek as "informers". (20)

En u het dit seer sekerlik nie as genoegsaam betroubaar beskou nie? — Ek het dit wel as betroubaar beskou.

Maar is dit die rede waarom u nie enige inisiatief geneem het nie? — Dit was gewees om my bronne te beskerm.

Hoe sal u bronne in gevaar gestel word as u verklaring was "Die beskuldigde self, Moss Chikane, het vir my gesê." U wou hom nie beskerm nie, nê? — Hoogenaamd nie.

Waarom het u nie die inisiatief geneem van Junie af toe dit tot u kennis gekom het dat hy 'n beskuldigde is om so 'n verklaring in te dien nie? Wat sou dit met u bronne te (30) doen gehad het nie? — Nee, ek het geen rede hoekom ek dit

... / nie

nie gedoen het nie.

Kan u onthou wanneer die Mamelodi Youth Organisation gestig is? — Nee, ek kan nie 'n spesifieke datum gee nie. Ek spreek bloot 'n vermoede uit as ek vir u sê dit was gedurende 1984. Dit kan 'n ander tyd wees.

As ek dit aan u stel dat die vergadering waarop die organisasie gestig is was in 1983, is u in staat om dit te erken of te ontken? — Dit is moontlik.

HOF : Het u 'n datum?

MNR. BIZOS : Nie 'n spesifieke datum nie, net die jaar. (10)

Ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr. 21, mnr. Moss Chikane, nie by die vergadering was nie?

HOF : Die getuie het getuig oor 'n vergadering waar die konstitusie behandel is. Praat julle van dieselfde vergadering?

MNR. BIZOS : Ek dink ons praat van dieselfde vergadering.

HOF : U moet net seker maak, want dit mag wees dat ons 'n stigtingsvergadering het en 'n vergadering waarop die konstitusie behandel is.

MNR. BIZOS : Dra u kennis van meer as een vergadering waarop u sê mnr. Chikane teenwoordig was? — Nee. Van die een (20) weet ek.

Was dit toe die organisasie die, wat ons in Engels noem, "inaugural meeting" gehad het?

HOF : Die stigtingsvergadering? — Die vergadering waarby die konstitusie van NYO bespreek was.

Ja, dit is miskien iets anders en miskien nie. Is dit die heel eerste vergadering van NYO of is dit 'n latere vergadering van NYO? — Ek vermoed dit was 'n latere vergadering van NYO. Ek kan dit ongelukkig nie bevestig nie. Ek onthou die vergadering om 'n spesifieke rede. (30)

MNR. BIZOS : Het u enige ander persoon wat die UDP verteenwoordig

by die vergadering gesien behalwe beskuldigde nr. 21? — Dit is korrek.

Wie? — Dit was die publisiteitsekretaris van die UDF.

Wie was hy? — Terror Patrick Lekota.

Ek wil dit aan u stel dat hy daar was, maar nie beskuldigde nr. 21 nie? — Beskuldigde nr. 21 was daar gewees. Ek was persoonlik in die omgewing van die vergadering.

U het gepraat van 'n vergadering by die YMCA saal. — Dit is die vergadering wat ek na verwys.

Waar u sê beskuldigde nr. 21 teenwoordig was? — Dit(10) is korrek.

Wie se vergadering was dit? — Dit was die vergadering waarop die grondwet van die Mamelodi Youth Organisation, MYO, soos dit bekend staan, bespreek was.

Wanneer sê u was dit? — Ek is nie seker nie. Ek vermoed dit was hier teen die einde van 1984. Ek is glad nie seker nie. Dit moet ek vir u eerlik sê. Ek het ongelukkig nie statistieke voor my nie.

Was u by die vergadering? — Dit is korrek. Nie by die vergadering nie, in die sin dat ek die vergadering bygewoon(20) het nie.

HOF: U was by die vergadering, maar nie op die vergadering nie? — Nie op die vergadering nie.

MNR. BIZOS : U het nie die vergadering bygewoon nie? — Hee, ek het nie.

As ek dit aan u stel dat die vergadering wat wel in YMCA saal gehou was, die stigting van die Mamelodi Parents Association was, wat sal u daaromtrent sê? — Dan sal ek sê dit is nie die inligting wat my bereik het nie.

U is nie in staat om te sê of u inligting korrek of (30) inkorrek was nie? — Hee.



Is dit u getuienis dat u beskuldigde nr. 21, mnr. Chikane, by die vergadering om 16 Junie te herdenk in albei jare, 1983 en 1984, gesien het? — Dit is korrek.

En dat hy die vergaderings bygewoon het? — Dit is korrek.

Waar is die vergaderings waarop u beskuldigde nr. 21 gesien het gehou? — Ek kan nie vir u die jaar sê wanneer hy in Mamelodi was en wanneer in Atteridgeville nie. Ek praat van 1983/84. Die vergadering in Mamelodi was by die St. Francis kerk gewees.

Verskoon tog, sal u dit net herhaal, asseblief? — Die (10) twee jare 1983 en 1984 was beskuldigde nr. 21 volgens my waarneming nie in dieselfde woongebied nie. Hy was in 1983 in die een woongebied en in 1984 in 'n ander woongebied. Ek praat hierse van Mamelodi en Atteridgeville, maar ek kan nie vir u sê watter jaar was hy in watter woongebied gewees nie. Ek het statistieke daarvan.

Wat u statistiek noem, is die inligting van die beriggevers? — En persoonlike monitoraksies.

As ek aan u stel dat beskuldigde nr. 21 op 16 Junie 1983 en op 16 Junie 1984 in Mamelodi was, wat sal u getuienis (20) wees? — Hy kon moontlik daar gewees het, maar rondom die vergaderings was hy opgemerk soos ek in die hof getuig het.

Ek stel dit verder dat hy nie in Atteridgeville en Saulsville was nie, maar hy het die Mamelodi vergadering bygewoon? HOF : Hy het twee jaar na mekaar die Mamelodi vergadering bygewoon?

MNR. BIZOS : Dit is korrek. — Die jaar toe hy die vergadering volgens my getuienis in Atteridgeville bygewoon het, 16 Junie, was daar die volgende dag, 17 Junie een of ander Christelike vergadering gewees in die Mogotoa Bioakoopsaal, (30) Mogotoa Cinema in Atteridgeville waarby ek ook 'n waarneming

... / gedoen

gedoen het en by hierdie Christelike vergadering, dit was iets van "Christ for Peace" of so iets, dit was min of meer die tema gewees, die 17de, het ek beskuldigde nr. 21 die 17de ook in Atteridgeville opgemerk.

Dit mag so wees, maar dit was nie 'n herdenkingsvergadering van 16 Junie nie? — Nee.

Dra u enige kennis van die stigting van die Mamelodi Parents Association by YMCA? — Ja, ek dra wel kennis.

K331

Is dit nie die vergadering waarop beskuldigde nr. 21 en beskuldigde nr. 20 saam was nie? — Nie volgens die inligting(10) wat tot my beskikking is nie.

Het u enige inligting gekry dat by die Mamelodi Parents Association se stigting mnr. Popo Molefe miskien ook daar was? — Ek kan my nie herinner dat ek beskik oor sulke inligting nie.

U ken mnr. Molefe, nie waar nie?

HOF : Laat hy net opstaan. Ken u hom? Dit is beskuldigde nr. 19? — Ek kan hom nie terugroep in die geheue nie.

MNR. BIZOS : Dra u kennis van die doeleindes van die Parents Association van Mamelodi? — Ek sal daardie statistiek eers(20) moet nagaan voor ek dit vir u in detail kan gee.

Wat bedoel u met statistiek? — Dit is inligting vergader rondom vergaderings wat ons bereik deur middel van verslae.

Persoonlik het u enige kennis, persoonlike kennis van die doelstellings van die Mamelodi Parents Association? — Nee.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die hoofdoeleinde van die organisasie was om die kinders wat skoolklasse geboikot het terug te neem na hulle klasse toe? — Sulke hoorsê inligting het my wel bereik. (30)

Is u in staat om te erken of te ontken dat die leiers

... / van

van die UDF, soos beskuldigde nr. 19, mnr. Molefe, beskuldigde nr. 20, mnr. Lekota en beskuldigde nr. 21, die ouers behulpsaam was om 'n oplossing te kry sodat die kinders terug skool toe kan gaan? Is u in staat om dit te erken of te ontken? — Ek dra nie kennis nie.

As dit wel die manier is waarop die leiers van die UDF opgetree het, sou dit heeltemal teenstrydig gewees het met die beweerde erkenning waarvan u gepraat het? — As dit wel so was, ja.

